Republikein
Jou land. Jou taal. Jou koerant.

# Een leeu-, drie leeuperdvelle gekonfiskeer

04 August 2020 | Misdaad




1.

0 0 0

Beslag is verlede week op een lewende ietermagô, een leeu- en drie luiperdvelle gelê.

Volgens die wildmisdaadverslag vanaf 27 Julie tot 2 Augustus van die Namibiese polisie en die ministerie van die omgewing, bosbou en toerisme, is altesaam agt verdagtes in hegtenis geneem en drie sake aanhangig gemaak.

Vier Namibiese mans, mnre. Sageus Asino, Martin Uupindi, Inocke Ndjake en Sirongo Daniel, is Saterdag in Katutura in die hoofstad glo met drie luiperdvelle in hul besit in hegtenis geneem.

Nóg 'n Namibiese man, mnr. Kudumu Nyambe Namukuka, is op 28 Julie op Katima Mulilo met 'n leeuvel in sy besit vasgetrek.

Twee Namibiese mans, mnre. Cleophas Vetjomisa Kamburona en Stephen Ngairo is op 27 Julie glo met 'n lewende ietermagô in hul besit in Windhoek in hegtenis geneem. Die volgende dag is mnr. John Joseph Taukondjo, ook 'n Namibiër, in dieselfde saak vasgetrek.

Hulle word ook van regsverydeling aangekla, asook dat hulle hulself teen inhegtenisneming verset het.

- francoise@republikein.com.na